

# SA's Leading Past Year

## Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)





**GAUTENG PROVINCE**  
EDUCATION  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN GRAAD 12

## 2025

## NASIENRIGLYNE


### REKENINGKUNDE

### (VRAESTEL 2)

**12 bladsye**

#### NASIENRIGLYNE:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde item-strafpunte vir misplaaste items nie.) Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, gee volpunte vir korrekte antwoorde. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie) Let wel: As syfers aangedui word in die nasienriglyne vir komponente of bewerkings, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om tussen die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Indien 'n kandidaat meer as die vereiste aantal antwoorde voorsien, ondersoek alle antwoorde om die voordeel aan die kandidaat te gee. Strafpunte mag toegeken word vir vreemde items indien 'n kandidaat volpunte vir die vraag verdien (maks. –2 per vraag).
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek.
10. 'Bewerking' beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: Kontroleer bewerking moet +, –, x, ÷, of per nasienriglyne.
11. In bewerkings, moet punte nie toegeken word vir bewerking as die teller en noemer omgeruil is nie – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige items wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☐.
13. Wees daarop bedag dat party kandidate geldige alternatiewe bied buite die nasienriglyne. Let wel dat een opmerking verskillende aspekte kan bevat.
14. Kodes: f = vreemde items; p = plasing/aanbieding; s = oorbodige item





NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE  
(VRAESTEL 2)

GR12 0625

## VRAAG 1: KOSTEREKENINGKUNDE

(56 punte; 45 minute)

## 1.1 KONSEPTE

|       |          |  |
|-------|----------|--|
| 1.1.1 | Onwaar ✓ |  |
| 1.1.2 | Waar ✓   |  |
| 1.1.3 | Onwaar ✓ |  |

3

(Aanvaar afkortings W of O.)

## 1.2 EASY DRINK VERVAARDIGERS

## 1.2.1

| Bereken die direkte materiaal uitgereik vir die jaar geëindig 30 April 2025. |            |
|------------------------------------------------------------------------------|------------|
| Beginvoorraad                                                                | 38 000 ✓   |
| Netto aankope (2300 x 2,60)<br>(280 000 ✓ – 5 400 ✓ – 2 600 ✓ + 5 980 ✓✓)    | 277 980 ✓* |
| Vraggeld op aankope<br>(5 600 – 52) of (280 000 – 2600 x 2/100)              | 5 548 ✓ ✓* |
| Invoerheffing (5 980 ✓ kontroleer bewerking x 30%)                           | 1 794 ✓    |
| Eindvoorraad                                                                 | (24 222) ✓ |
| Direkte materiaal uitgereik kontroleer bewerking                             | 299 100 ✓* |
| *een deel korrek                                                             |            |

13

## 1.2.2

| Bereken die direkte arbeidskoste vir die jaar geëindig 30 April 2025                                                                |                                                        |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------|
| BEWERKINGS                                                                                                                          | ANTWOORD                                               |
| 200 x R38 x 45                                                                                                                      | 342 000 ✓ ✓<br>Moet<br>basiese salaris x 1%<br>3 420 ✓ |
| 342 000 x 1%                                                                                                                        |                                                        |
| (38 x 1.25)<br>Of (38 x 5/4)<br>284 x [38 + 9,50] of 284 ✓ x 47,50 ✓ ✓<br>Of 284 x [38 + (38 x 1/4)]<br>Of 284 x [38 + (38 x 0.25)] | 13 490 ✓                                               |
| If learners only used 1/4 instead of 1 1/4:                                                                                         |                                                        |
| 284 ✓ x 9,50 ✓ ✓ = 2 698 ✓<br>Of 284 x [38 x 1/4]<br>Of 284 x [38 x 0.25]                                                           |                                                        |
| Totaal                                                                                                                              | 358 910 ✓                                              |
| Totaal indien slegs 1/4 ipv 1 1/4 het = 348 490                                                                                     |                                                        |

8





NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE  
(VRAESTEL 2)

GR12 0625

1.2.3

**Voltooi die Fabrieksbokoste-nota vir die jaar geëindig  
30 April 2025.**

|                                                                                                |                                               |
|------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------|
| Indirekte materiaal $[7\ 400 \checkmark + 36\ 550 \checkmark - 8\ 150 \checkmark] \times 35\%$ | 12 530 <input checked="" type="checkbox"/> *  |
| Indirekte arbeid $(13\ 000 \times 13)$ of $156\ 000 + 13\ 000$                                 | 169 000 $\checkmark\checkmark$                |
| Water en elektrisiteit $(18\ 954 \times 7/2)$                                                  | 66 339 $\checkmark\checkmark$                 |
| Huuruitgawe $(66\ 800 - 5\ 600) \checkmark \times 610/1\ 000 \checkmark$                       | 37 332 <input checked="" type="checkbox"/> *  |
| Waardevermindering op fabriekstoerusting                                                       | 28 690 $\checkmark$                           |
| Versekering $(15\ 000 \times 5/6)$<br>of $15\ 000 \times 5/3 \times 3/6$                       | 12 500 $\checkmark\checkmark$                 |
| Telefoon $(10\ 000 + 1\ 825)$                                                                  | 11 825 $\checkmark\checkmark$                 |
|                                                                                                | 338 216 <input checked="" type="checkbox"/> * |
| *een deel korrek<br>-1F indien waardevermindering op afleweringsvoertuie getoon word           |                                               |

17

1.3 SEGAL VERVAARDIGERS

1.3.1

**Voltooi die ontbrekende syfers aangedui met 'n asterisk (\*).**

| Koste                   | Totaal                 | Eenheids-<br>koste<br>2025 | Eenheids-<br>koste<br>2024 |
|-------------------------|------------------------|----------------------------|----------------------------|
| Direkte materiaal       | R250 000               | *R10 $\checkmark$          | R12                        |
| Direkte arbeid          | *R375 000 $\checkmark$ | *R15 $\checkmark$          | R11                        |
| Direkte koste           | *R625 000 $\checkmark$ | R25                        | R23                        |
| Fabrieksbokoste         | R200 000               | R8                         | R10                        |
| Administratiewekoste    | R75 000                | R3                         | R3                         |
| Verkoop en verspreiding | R100 000               | R4                         | R2                         |

4

Berekeninge slegs vir duidelikheid nie vir merk nie  $*250\ 000 / 25\ 000 = 10$   $*25 - 10 = 15$   
 $*15 \times 25\ 000 = 375\ 000$   $*250\ 000 + 375\ 000 = 625\ 000$

1.3.2

**Bereken die eenheidskoste van produksie vir 2025.**

| BEWERKINGS                                                              | ANTWOORD                   |
|-------------------------------------------------------------------------|----------------------------|
| $[625\ 000 + 200\ 000]$<br>$825\ 000/25\ 000$<br><br><b>OF</b> $25 + 8$ | R33 $\checkmark\checkmark$ |

2





NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE  
(VRAESTEL 2)

GR12 0625

1.3.3

| Bereken die gelykbreekpunt vir 2025.                                                                                                    |                                                                                       |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------|
| BEWERKINGS                                                                                                                              | ANTWOORD                                                                              |
| $275\,000 \checkmark \checkmark$<br>$[200\,000 + 75\,000]$<br>$60 \checkmark - (25 + 4) \checkmark$<br>29 (een punt)<br>31 (twee punte) | 8 871 eenhede <input checked="" type="checkbox"/><br><br>Aanvaar 8870.97 of<br>8870.9 |

5

1.3.4

| Lewer kommentaar op die maatskappy se vlak van produksie en gelykbreekpunt vir 2025.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Vergelyking van produksie met gelykbreekpunt (Twee punte)<br/> Syfers (Twee punte)<br/> Merk volgens leerder se gelykbreekpunt berekeninge in 1.3.3.</p> <p><b>Moontlike antwoorde vir vier punte:</b><br/> (Merk slegs een van die volgende antwoorde vir vier punte)</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>In 2025 is 25 000 eenhede geproduseer wat meer is as die gelykbreekpunt van 8871 eenhede / met 16 129 eenhede / maak 'n wins op 16 129 eenhede / maak 'n wins van <math>16\,129 \times 31 = R499\,999</math> (kontroleer leerder se berekeninge)</li> <li><u>In 2025 het hulle wins gemaak op 16 129 eenhede of</u> <math>(25\,000 - 8\,871)</math>, wat meer is as die wins verdien in 2024 op 5 440 eenhede <math>(18\,000 - 12\,560)</math> / Maak op 10 689 eenhede meer wins as in 2024.</li> </ul> <p><b>Maks twee punte vir die volgende antwoorde:</b><br/> (Merk slegs een van die volgende antwoorde vir twee punte)</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>In 2025 was die produksie van 25 000 eenhede meer as die produksie van 18 000 eenhede in 2024/ met 7 000 eenhede.</li> <li>In 2025 was die gelykbreekpunt van 8871 eenhede minder as die gelykbreekpunt van 12 560 eenhede in 2024 / met 3 689.</li> </ul> |

4

56





NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE  
(VRAESTEL 2)

GR12 0625

## VRAAG 2: VOORRAAD

(48 punte ; 38 minute)

2.1

|       |                                  |  |
|-------|----------------------------------|--|
| 2.1.1 | C SIM/Spesifieke identifikasie ✓ |  |
| 2.1.2 | A EIEU/eerste-in-eerste-uit ✓    |  |
| 2.1.3 | B Geweegde gemiddelde ✓          |  |

3

Aanvaar letter of naam van voorraadwaardasiemetode of afkorting.

2.2

## MB SPORTWINKEL

2.2.1

Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2025, deur die geweegegemiddelde-metode te gebruik.

| BEWERKINGS                                                                                                                                                                                                                                                                      | ANTWOORD                             |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------|
| $\frac{[R420\ 850 + R4\ 302\ 500] + R110\ 250 - R31\ 200}{350 + [3\ 150 - 20]} \times \frac{[-30\ 500 - 700]}{1}$ <p>3 500 (twee punte)</p> <p>of</p> $\frac{4\ 802\ 400}{3\ 480} \times 465$ <p>(vier punte) (twee punte)</p> <p>of</p> <p>(ses punte)</p> $1\ 380 \times 465$ | <p>Moet x 465</p> <p>R 641 700 ✓</p> |

7

2.2.2

Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

| BEWERKING                                                                             | ANTWOORD     |
|---------------------------------------------------------------------------------------|--------------|
| $4\ 802\ 400 \checkmark - \text{sien 2.2.1} - 641\ 700 \checkmark \text{ sien 2.2.1}$ | R4 160 700 ✓ |

3

2.2.3

Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

| BEWERKINGS                                      | ANTWOORD     |
|-------------------------------------------------|--------------|
| $5\ 400\ 000 \checkmark - 4160\ 700 \checkmark$ | R1 239 300 ✓ |

3







2.2.6

Die eienaar het gehoor dat hy die wins kan aanpas deur die voorraadwaardasiemetode te verander van die geweegde gemiddelde-metode na die eerste-in-eerste-uit-metode.

(i)

Verduidelik die verskil tussen die voorraadwaardasiemetodes aan die eienaar.

Die eindvoorraadwaarde is hoër ✓ wanneer die EIEU metode gebruik word, daarom sal die koste van verkope minder wees ✓ en die bruto wins sal hoër ✓ wees as met die geweegdegemiddelde-metode.

of

Met die geweegdegemiddelde-metode is die eindvoorraadwaarde laer, koste van verkope hoër en die wins dan minder as wanneer EIEU gebruik word.

of

Bruto wins sal hoër wees as EIEU gebruik en bruto wins sal minder wees indien geweegde gemiddelde metode gebruik. ✓✓✓

**Indien slegs na een voorraadwaardasie verwys gee twee punte. Moet albei metodes noem vir die alternatiewe antwoord vir drie punte.**

(indien slegs verwys na wins, aanvaar die leerder moet weet wat gebeur met voorraad en koste van verkope om die korrekte neiging van wins te gee)

of

Met EIEU voorraadwaardasie word die laaste aankooppryse ✓ gebruik, terwyl met geweegde gemiddelde metode word die geweegde gemiddelde prys ✓ gebruik wat steeds ou/goedkoper ✓ aankooppryse kan insluit.

3

(ii)

Watter advies sal jy aan die eienaar gee, rakende die verandering van een voorraadwaardasiemetode na 'n ander?

Enige geldige antwoord ✓✓

- Hy behoort dit nie te doen om syfers/finansiële inligting te manipuleer nie.
- Hy behoort toestemming vanaf SAID te verkry voordat hy die voorraadwaardasiemetode verander.
- Sal nie verskillende jare kan vergelyk as verskillende metodes gebruik is nie.
- Indien waardasiemetodes verander, moet dit in 'n nota tot die finansiële state genoem word.

2





NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE  
(VRAESTEL 2)

GR12 0625

2.2.7

Bereken hoe lank (in dae) dit sal neem om die eindvoorraad van 465 krieketkolwe te verkoop.

| BEWERKINGS                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            | ANTWOORD                                                                                                                                                                                                                                                              |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Sien 2.2.1</p> $\begin{array}{r} 641\,700 \quad \checkmark \\ 4\,160\,700 \quad \checkmark \end{array} \times \frac{365}{1}$ <p>Sien 2.2.2</p> <p>of : INDIEN EENHEDE GEBRUIK WORD</p> $465 \checkmark / 3\,000 \checkmark \times 365$ <p><b>Indien EIEU gebruik word ipv geweegde gemiddeld:</b></p> <p>Sien 2.2.5</p> $\begin{array}{r} 723\,650 \quad \checkmark \\ 4\,078\,750 \quad \checkmark \end{array} \times \frac{365}{1}$ $[4\,802\,400 - 723\,650]$ <p>Sien 2.2.1      Sien 2.2.5</p> | <p>Metode punt<br/>Slegs indien x 365</p> <p>56.3 dae <input checked="" type="checkbox"/><br/>Aanvaar 56,29</p> <p>of</p> <p>56.6 dae <input checked="" type="checkbox"/><br/>Aanvaar 56,58</p> <p>64.8 dae <input checked="" type="checkbox"/><br/>Aanvaar 64.76</p> |

3


2.2.8

(i)

Voorsien 'n berekening om Mango Brand se bekommernis rakende die beheer oor krieketkolwe te ondersteun.

| BEWERKINGS                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | ANTWOORD                                                                                                                       |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| $350 \checkmark + 3\,150 \checkmark - 20 \checkmark - 3\,000 \checkmark - 465 \checkmark$ <p>Of</p> $420\,850 \checkmark + [4\,302\,500 + 110\,250] \checkmark - 31\,200 \checkmark$ $- 4\,140\,000 \checkmark = 662\,400 - 641\,700 \checkmark$ <p>(3 000 x 1 380)<br/>(sien 2.2.1)</p> <p>Of</p> <p><b>Indien EIEU gebruik:</b></p> $420\,850 \checkmark + [4\,302\,500 + 110\,250] \checkmark - 31\,200 \checkmark$ $- 4\,056\,100 \checkmark = 746\,300 - 723\,650 \checkmark$ <p>(Koste v verkope)      (sien 2.2.5)</p> <p>EIEU koste van verkope bereken sonder vermiste eenhede:</p> $420\,850 + 1\,413\,500 + 1\,315\,750 + 906\,000$ | <p>15 eenhede vermis <input checked="" type="checkbox"/></p> <p>R20 700 <input checked="" type="checkbox"/></p> <p>R22 650</p> |

6



(ii) **Watter inskrywing sal jy in die besigheid se boeke maak om die probleem te boekstaaf? Verduidelik.**

Debiteur : Handelsvoorraadtekort **of** verlies a.g.v. diefstal ✓  
 Krediteur: Handelsvoorraad ✓ of Aankope

Een punt vir geldige verduideliking: ✓

Vermiste items is 'n verlies vir die besigheid/is 'n uitgawe wat wins verminder./ Handelsvoorraad rekening sal verminder agv diefstal / Omsigtigheidsbeginsel word gevolg om nie wins te oorstateer nie.

3

(iii) **Hoe kan Mango Brand die probleem oplos? Verskaf DRIE punte.**

**Verwagte antwoord vir twee punte elk.** ✓✓ ✓✓ ✓✓

- Doen gereeld voorraadopnames/Tel voorraad gereeld/lukraak en kontroleer teenoor voorraadrekords.
- Bestel kleiner hoeveelhede, maar meer gereeld.
- Verbeter fisiese sekuriteit bv. Beheer by die ingange/ sekuriteitskameras / sekuriteitskodes op items
- Toegangsbeheer tot die stookkamer.
- Verdeling van pligte dat nie dieselfde persoon items bestel en ontvang nie.
- Rotasie van pligte
- Deursoek van personeel wanneer stookkamer ingaan en weer wanneer uitgaan
- Spesiale kabinette om items in toe te sluit

**Verwagte antwoord vir een punt :**

Voorraadopname/Kameras

6

48





## VRAAG 3: BESTUUR VAN VASTE BATES

(34 punte; 27 minute)

3.1

Bereken die TOTALE waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

$$216\,000 \times 20\% \times 8/12$$

$$28\,800 \checkmark \checkmark$$

$$\begin{aligned} &80\,640 \text{ een punt} \\ &[140\,000 - 59\,360] \checkmark \times 20\% \times 4/12 \checkmark \\ &449\,360 \text{ twee punte} \\ &530\,000 \checkmark - 80\,640 \checkmark \times 20\% \end{aligned}$$

$$5\,376 \checkmark$$

$$89\,872 \checkmark$$

of

$$\begin{aligned} &710\,000 \qquad \qquad \qquad 260\,640 \\ &(850\,000 - 140\,000) \checkmark - (320\,000 - 59\,360) \checkmark \times 20\% \end{aligned}$$

$$124\,048$$

8

3.2

Bereken die waardeverminderingskoers wat deur Bellairs Bpk gebruik word om hulle toerusting se waardevermindering te bereken.

$$[11\,250 \times 12/6]$$

$$\frac{22\,500 \checkmark \checkmark}{150\,000 \checkmark}$$

$$\times 100 = 15\% \checkmark$$

$$\text{Of } [11\,250 \times 100/1 \times 12/6] \checkmark \checkmark \times 1/150\,000 \checkmark = 15\%$$

**Merk een lyn/opsie**

4





3.3

**Voltooi die uittreksel van die Vaste Bate Nota vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025 deur al die relevante bedrae wat deur A – H aangedui word, te voltooi.**

|          |                                                                                                                                                                                                                                 |
|----------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>A</b> | 216 000✓                                                                                                                                                                                                                        |
| <b>B</b> | 140 000 ✓ – (59 360 + 5 376 sien 3.1) ✓<br>140 000 – 64 736 of 80 640 – 5 376<br>75 264 twee punte                                                                                                                              |
| <b>C</b> | 124 048 ✓ (sien 3.1 totaal)                                                                                                                                                                                                     |
| <b>D</b> | 850 000 + 216 000 – 140 000<br>926 000 ✓✓                                                                                                                                                                                       |
| <b>E</b> | [-59 360 - 5 376]<br>320 000 + 124 048 – 64 736<br>379 312 ✓✓ een deel korrek                                                                                                                                                   |
| <b>F</b> | 926 000 (see D) – 379 312 (see E)<br>546 688✓ (Indien D – E)<br><br>of<br>530 000 + 216 000 – 75 264 – 124 048 = 546 688                                                                                                        |
| <b>G</b> | 11 250 ✓+ (56 000 – 1) of 55 999✓✓ = 67 249 (Drie<br>Slegs een punt indien punte)<br>– 1 maar drawaarde verkeerd                                                                                                                |
| <b>H</b> | (56 000 + 150 000) ✓– 67 249 ✓ (see G) = 138 751 Twee<br>punte<br><br>Of [710 000 – 504 000] ✓– 67 249✓ = 138 751 Twee punte<br><br>Of 1 ✓+ [150 000 – 11 250] ✓= 138 751 Twee punte<br>138 750<br><br>Merk slegs een lyn/opsie |





3.4

**Bereken die wins of verlies met verkoop van die voertuig. Gee advies wat in ag geneem behoort te word wanneer besluit word om 'n bate te verkoop.**

**Berekening:**

$$73\,360 - 75\,264 \text{ (sien 3.3 B)} = 1\,904 \text{ (Verlies)} \checkmark \checkmark$$

**Aanvaar T-rekeninge**

|         |                         |
|---------|-------------------------|
| 140 000 | (59 360 + 5 376) 64 736 |
|         | 73 360                  |
|         | 1 904                   |

**Advies: ✓✓ Enige geldige advies**

- Drawaarde moet inaggeneem word wanneer die prys bereken word.
- Tenderprosedure moet gevolg word.
- Koste van instandhouding.
- Of dit steeds voldoen aan produksievereistes.

4

3.5

**Die besigheid moet interne kontroles instel om die misbruik van voertuie te voorkom. Jy is genader om te help om interne kontroles te verbeter. Gee TWEE interne kontroles wat geïmplementeer kan word.**

Enige geldige antwoord ✓✓ ✓✓

- Toegangsbeheer / ken voertuie toe aan spesifieke individue.
- Voertuie moet in 'n garage toegesluit word wanneer nie in gebruik nie/ Voertuie moet op perseel gehou word.
- Fisiese inspeksie voor en na gebruik
- Sleutels moet toegesluit word en voor geteken word
- Hou 'n logboek/ kilometerlesings
- Installeer opspoortoestel / "dashboard- kamera"(paneelkamera) in voertuie

4

34



**VRAAG 4: PROBLEEMOPLOSSING****(12 punte; 10 minute)**

Merk relevante probleem en syfers indien in verkeerde kolom/ken punte toe vir gepaste advies al is die probleem onduidelik/verkeerd. Wees bedag op addisionele korrekte opsies/syfers.

|                     | <b>PROBLEEM VIR 2025</b><br><b>(met syfers)</b><br>Enige TWEE geldige probleme<br>Probleme ✓ ✓<br>Met syfers ✓ ✓                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              | <b>ADVIES</b><br>Een per probleem identifiseer<br>✓ ✓<br>Merk advies onafhanklik<br>Verskillende probleme vereis                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
|---------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Golf T-Hemde</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Te veel voorraad voorhande (615 eenhede)/styg met 208 eenhede (van 407 tot 615).</li> <li>• Verlaging in voorraadomset-snelheidskoers van 1,9 tot 0,9 /baie voorraad wat nie beweeg/hoër winsopslag % dra ook by tot laer omsetsnelheid.</li> <li>• Prys te hoog (Winsopslag % styg van 50% tot 75%/n 25% puntestyging/ prysstyging van R90 per eenheid (R630 – R540)</li> <li>• Koop dieselfde aantal eenhede (800) ten spyte van oortollige voorraad/ voorraad ophoping.</li> <li>• Voorraaditems vermis of gesteel (42 eenhede of <math>407 + 800 - 550 - 615</math>).</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verhoog aantal advertensies.</li> <li>• Oorweeg afslag.</li> <li>• Verminder die winsopslag %.</li> <li>• Bestel volgens verkope/ bestellings ontvang.</li> <li>• Verlaag winsopslag % om verkope te laat toeneem.</li> <li>• Hou uitverkopning.</li> <li>• Gereelde voorraadopnames om voorraad na te gaan.</li> <li>• Vervang voorraad volgens eenhede verkoop.</li> <li>• Sekuriteitsetikette (tags) op produkte.</li> <li>• Fisiese inspeksie of gereelde voorraadopnames.</li> <li>• Installeer kameras.</li> <li>• Verkoop aanlyn.</li> </ul> |



**NASIENRIGLYNE****REKENINGKUNDE  
(VRAESTEL 2)****GR12 0625**

|              | <b>PROBLEEM</b><br>Twee geldige probleme ✓ ✓<br>Met syfers ✓ ✓                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | <b>ADVIES</b><br>Een per probleem identifiseer ✓ ✓                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
|--------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Hemde</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Afname in eenhede verkoop:<br/>290 (2 260 – 1 970) of<br/>302 (2 182 – 1880)<br/><b>Of</b> afname in verkope van<br/>436 400 – 399 500 / met 36 900 /<br/>8,5% <b>OF</b> met 86 900 (436 400 -<br/>349 500)</li> <li>Kontant vermis of gesteel R50 000<br/>(399 500 – 349 500) OF 69 125<br/>(indien terugsendings nie<br/>inaggeneem is nie).</li> <li>Hoë terugsendings van klante ;<br/>78 (3,5 % van verkope) na 90 (4,6 %<br/>van verkope).</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Verhoog advertensies.</li> <li>Moedig gebruik van EFO aan.</li> <li>Versoek sms kennisgewings vir<br/>deposito's.</li> <li>Rekonsilieer deposito's met<br/>items verkoop.</li> <li>Aanlyn verkope/kaart<br/>transaksies – minder kontant<br/>hantering.</li> <li>Daaglikse deposito.</li> <li>Strenger terugsendings-beleid.</li> <li>Verbeter kwaliteit om<br/>terugsendings te verminder/<br/>Moenie goedkoper produkte<br/>koop nie.</li> <li>Verander die styl van<br/>t-hemde/in die mode wees.</li> <li>Lei personeel op om die beste<br/>advies aan klante te gee.</li> </ul> |

12

**TOTAAL: 150**